

# 1 LUKAS BOU 'N SPORTKAR

"Lukas, jy raas, maak toe jou kamerdeur! Dis vroeg, ons slaap nog!"

Lukas sluip stilletjies na sy ouers se kamer om hulle deur te gaan toemaak. Hy sien twee hopies duvet op die bed en hoor sy pa se ligte snorkies. Sy ma se bos krulhare steek net-net uit. Sy haal die kussing van haar ore af en loer slaperig vir hom.

"Dis vroeg, my kind, die voëltjies sing dan nog nie eers nie," sê sy. "Wil jy nie nog so 'n bietjie slaap nie?"

"Nee, Mamma, ek het probeer, maar dis vervelig. Toe't ek solank my kartydskrif klaar gelees. En toe het ek 'n plan gekry hoe om die kar se assies waarmee ek gister gesukkel het reg te maak. Ek sal saggies wees," fluister Lukas.

"Goed dan, lekker bou. Ek en Pappa gaan nog so 'n rukkie slaap. Moenie jou sussie wakker maak nie!"

Lukas maak hulle kamerdeur saggies toe. Hy maak seker dat dit behoorlik op knip is sodat dit nie dalk per ongeluk oopwaai nie. As die wilde, woeste suidoostewind so sterk waai soos vandag, dan waai al die deure wat nie behoorlik op knip is nie oop. Hy wil nie hê sy ma moet weer wakker word nie, want sy kan 'n bietjie kwaai raak as sy nie genoeg geslaap het nie. Sy sussie kan net so kwaai raak, so, hy sluip eers na haar kamer toe om haar deur ook saggies toe te maak.

**"So ja,"** fluister hy vir homself toe hy uiteindelik sy kamerdeur ook versigtig toedruk, "nou kan ek lekker bou sonder om enigiemand te pla."

Lukas is 'n bobaas blokkiesbouer. Hy kan beter bou as enige ander negejarige wat hy ken. Dis vir hom so lekker dat hy dit sommer ure aaneen kan doen. En hy bou op sy heel lekkerste vroeg in die oggend, wanneer dit stil en rustig is. Partykeer bou hy dan sommer die goed waarvan hy in die nag gedroom het. Hy kan nie verstaan hoekom almal alewig so laat wil slaap nie!

Oggende is sy gunstelingtyd van die dag en wie wil nou laat slaap as jy in die middel van 'n belangrike stuk bouwerk is!

Hy sukkel nou al van gister af met die assies vir die rooi sportkar wat hy ontwerp het. Die probleem is dat die wiele uitmekaar val elke keer as dit oor 'n effe rowwe terrein ry. Gister, toe hy dit op die gladde houtvloer getoets het, het dit goed gewerk. Daarna het hy dit op die hobbelrige mat in Lalie se kamer probeer, en die blokkies waaraan die wiele vas is, het van die onderstel afgebreek en die wiele het van die assies afgeval.

Hy weet nou wat die oplossing is – hy het langer assies nodig. Dis die ander lekker ding van vroeg in die oggend  bou: Hy kyk met vars oë en 'n wakker brein na moeilike stukke bouwerk en dan vind hy vinniger 'n oplossing. En hy weet ook net waar om die assies te kry. Dit is in die kar wat hy verlede naweek gebou het. Die enigste probleem is dat hy nie daardie kar wil opbreek nie, want hy wil nog daarmee speel.

Hy dink terug aan die blokkiekatalogus waardeur hy gisteraand geblaai het voor hy aan die slaap geraak het – daardie een wat sy ma vir



hom by die speelgoedwinkel gekry het, waarin al die nuutste blokkiestelle geadverteer word. So baie van die stelle daarin het die presiese assies wat hy nodig het, maar dit help hom nou niks. Toe onthou hy ... Lalie het mos sulke assies in haar diere-ambulans wat ook van blokkies gebou is! Sy sal darem seker nie omgee as hy dit leen nie. Gelukkig het hulle gisteraand daarmee gespeel, so, hy weet presies waar in haar kamer dit sal wees.

Hy staan op en sluip weer die paar treë terug na sy sussie se kamer. Hy maak haar deur stilletjies oop en hoor hoe sy rustig in die donker asemhaal. Sy slaap nog, dink hy verlig.

Nou moet hy mooi trap, want hy wil haar nie wakker maak nie. Partykeer is dit lekker as hy haar "per ongeluk" wakker maak, want dan kan hulle saam begin speel. Vanoggend móét sy nog slaap, want hy wil rustig sit en bou. En hy is bang sy sê hy mag nie die assies gebruik nie.

In die effense lig wat uit sy kamer skyn, kan hy net mooi haar pienk strepiesmat uitmaak waar hulle gister met die diere-ambulans gesit en speel het. Voetjie vir voetjie sluip hy nader. Lalie haal nog steeds rustig asem.

Daar is die diere-ambulans nou, hy kan al amper oorbuig en dit optel. Amper … nog net een treetjie …

**DOEF!**

Lukas skrik. Hy het Lalie se blokkiesperd omgestamp teen die stal wat hulle gister gebou het. Dit klink ekstra hard in die vroegoggendstilte.

Hy staan STOKSTIL.

Moenie wakker word nie, moenie wakker word nie, dink hy kliphard in sy kop.

Dit lyk rustig. Maar toe beweeg sy.

Lukas is amper te bang om asem te haal.

Lalie draai haar om in die bed sodat dit lyk of sy nou reg na sy kant toe kyk, en sy mompel "nie wurms nie".

Lukas moet sy mond toedruk om nie hardop te lag nie. Hy wonder waarvan Lalie droom.

Terwyl hy sy bes doen om nie te giggel nie, gryp hy gou die ambulans en sluip dan weer stilletjies op sy tone uit haar kamer en maak die deur saggies agter hom toe.

Hy sug van verligting toe hy terug is in sy eie kamer. **"Phew,** Operasie Superkar is weer op

dreef," fluister hy toe hy sy deur suutjies toedruk.

Gou haal hy die ambulans se onderstel uitmekaar om by die assies uit te kom. Hy sit eers van sy eie kort assies in die ambulans sodat dit lyk of dit nog dieselfde is. Lalie sal seker nie sommer agterkom nie, dis darem nie asof die diere-ambulans dikwels oor rowwe terrein ry nie. Sy sal in elk geval nie dadelik agterkom nie. Hy moet net onthou om nie weer stampkarretjies met haar ambulans te speel nie, want dan gaan dit definitief uitmekaar val.

Lukas loer op sy horlosie. Dit begin seker al lig raak. Hy staan op om sy gordyne oop te trek sodat die flou oggendsonnetjie kan inkom. Hy kyk hoe die ligte vroegoggend-sonstrale in bane by sy venster inskyn en die bome se skaduwees sy muur en boekrak bekruip. Dit lyk toweragtig, dink hy. As daar rêrig towerkrag in die wêreld is, sal hierdie spesiale tyd van die dag beslis die tower-uur wees wanneer enigiets moontlik is. Hy begin die langer assies in sy sportkar inbou. Daarso, die laaste stukkie! Die kar is klaar en die assies werk perfek! Tevrede met sy werk, sit Lukas die kar op sy boekrak neer sodat hy dit kan bewonder.